

|  |                                     |   |
|--|-------------------------------------|---|
| <br>NAMIBIA | <b><u>Veiling / Auction:</u></b>    | Nabibis Game Auction                              |
|  | <b><u>Ras / Breed:</u></b>          | Wild / Game                                       |
|  | <b><u>Datum / Date:</u></b>         | 27 Junie / June 2015                              |
| Telefoon: 015 491 3141<br>Faks: 015 491 6756<br>e-mail: vs1@mweb.co.za                       | <b><u>Plek / Venue:</u></b>         | Windhoek Country Club                             |
|  | <b><u>Afslaer / Auctioneer:</u></b> | Niel Swart 082 554 3070 van Vleissentraal Bosveld |

## NABIBIS GAME

Die eerste NABIBIS GAME wildveiling van mnr. Ronnie Coleman het op Saterdag 27 Junie in die Windhoek Country Club buite Windhoek plaasgevind. Altesaam 452 diere is in 146 lotte deur Vleissentraal Namibia, wat die veiling aangebied het vir 'n omset van net meer as N\$15,6 miljoen verkoop. Die 72 geregistreerde kopers van oral oor in Namibië asook Suid-Afrika het flink gebie op die goeie kwaliteit diere wat op die veiling te koop aangebied is.

Volgens mnr. Niel Swart afslaer van Vleissentraal Namibia is verskeie topprys behaal. Die hoogste prys vir die dag is die N\$590 000 wat vir 'n swartrooibokram betaal is. 'n Njalabul van 30.5" is vir N\$400 000 verkoop. Die duurste swartwitpenskoeie het N\$440 000 behaal, terwyl swartwitpensverse vir tot N\$450 000 verkoop het. 'n Jong gouewildbeesbul van 8 maande is vir N\$320 000 verkoop. Verskeie springbokke kleurvariante is verkoop. Die vraag na koperspringbokramme was besonder goed. Die hoogste bod van N\$85 000 kon vir 'n koperspringbokram behaal word. Witspringbokramme het tot N\$30 000 stuk behaal, terwyl swartspringbokke vir N\$28 000 stuk verkoop is. Die hoogste bod vir 3 Lechwe ( 1 ram en 2 ooie) was die N\$55 000 stuk wat vir die drie diere behaal is.

Volgens Swart heers daar groot opgewondeheid oor die wildbedryf in Namibië. Wildboere besef dat die vraag na top kwaliteit diere elke dag aan die toeneem is. Volgens mnr. Norman Adami, makro sakeman en top wildboer van Nyumba Game in Suid-Afrika, wat die veiling geopen het, is die rol wat die wildbedryf in die toerisme bedryf in Namibië speel nog nie naby sy potensiaal ontgin nie. Die wildbedryf in Namibia het enorme potensiaal en gaan van krag tot krag. Dubbel die aantal veilings word reeds vir 2016 beplan as wat in 2015 in Namibië aangebied gaan word.

Hierdie Swart Rooibokram is verkoop vir R590 000.00 op die Nabibis Wildveiling wat die naweek (27/6) by Windhoek Country Club plaasgevind het.

